

#Move4Food

Waarom 'n veldtog?

Die Universiteit Stellenbosch (US) het 'n omvattende en geïntegreerde transformasie-agenda wat toegewy is aan die diversifisering van sy studente- en personeelkorps om die samestelling van die Suid-Afrikaanse samelewing beter te weerspieël. Die US se verbintenis tot transformasie beteken die studenteprofiel is besig om te verander, grootliks omdat soveel meer behoeftige studente as in die verlede nou toegang tot die Universiteit kry. Daarom het die Universiteit 'n toenemende behoefte aan voedselsekerheidsteun.

Omdat meer studente as ooit tevore geleenthede kry om die hoërondwysstelsel te betree, groei die getal studente uit lae-inkomstegemeenskappe ook, wat beteken ons moet ons strategieë aanpas en anders oor ons eie ruimte dink indien ons ons kampusse 'n plek wil maak waar elke student werklik tuis voel en deel van die Matie-gemeenskap kan wees.

Die #Move4Food-veldtog het te make met die skep van 'n sorgsame gemeenskap, 'n gemeenskap wat ingelig is oor die behoeftes van sy studentebevolking, en een wat proaktief volhoubare oplossings vir die voedselsekerheid-uitdagings by die Universiteit Stellenbosch inisieer.

Doel van die veldtog

Om R10 miljoen in skenkings (finansieel en in goedere) in te samel om die voedselsekerheidsinisiatiewe by die Universiteit Stellenbosch in die volgende drie jaar (2019 – 2021) te steun.

Die veldtog is op **20 Augustus** geloods. Die volgende belangrike dag is **Kampus Skenkingsdag** op **20 September**, en dit word op 'n hoogtepunt met **Internasionale Skenkingsdag** op **27 November 2018** afgesluit.



Watter US-studente is meer waarskynlik voedselonseker?

Die US meet die sosio-ekonomiese status van elke nuweling by die Universiteit deur skattings te kombineer en dit aan die volgende kriteria te toets:

- Of die studente eerstegenerasiestudente is of nie;
- Of hulle gesinsinkomste uit maatskaplike toelae bestaan of nie; en
- Wat die kwartiel is van die skool wat hulle bygewoon het.

Dit beteken dat studente wat skole in hulpbron-arm gemeenskappe bygewoon het, wie se ouers nie op tersiêre vlak studeer het nie, en wie se gesinne maatskaplike toelae ontvang, as sosio-ekonomies erg benadeel beskou word, en 'n groter gevaar loop om voedselonseker te wees.

Die kernstatistiek in verband met ons studente lyk soos volg:

- Ses uit elke 100 nuweling (sowel VG as NG) is in 2018 baie erg sosio-ekonomies benadeel en sou moontlik aan honger blootgestel wees. Dit kom neer op 465 nuweling (uit altesaam 7 744).
- In 2017 en 2016, was 5 uit elke 100 nuweling baie erg sosio-ekonomies benadeel. Dit dui daarop dat die getal studente wat nuweling by ons Universiteit is en moontlik aan honger blootgestel is, vanjaar effens hoër is.
- In 2018 was slegs die helfte van ons nuweling – 52% – nie sosio-ekonomies benadeel nie, wat beteken hulle sou hoogs waarskynlik nie honger ly nie en selfs oor besteebare inkomste beskik om aan ander te gee.

Volgens onderhoude met studente en die interne diensverskaffers wat hulle ondersteun, weet ons die volgende:

- In Suid-Afrika het minder as 1% van die bevolking 'n graad, daarom word die bywoning van 'n hoëronderrysinstelling as 'n voorreg beskou.
- Alhoewel daar 'n behoefte bestaan, is daar ook skaamte en stigmatisering wanneer 'n mens om hulp moet vra omdat jy nie kos het nie.
- Voedselonsekerstudente moet dikwels kies of hulle gaan klas bywoon en heeldag honger ly, en of hulle tuis gaan bly waar hulle iets te ete sal kry.
- Studente met beurse van die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NSFAS) mag slegs maaltydkwotas van R10 000 laai, wat hulle vir die hele akademiese jaar moet hou.
- Alle studente wat 'n ernstige behoefte aan kos het, word deur die kantoor van die maatskaplike werker bygestaan ongeag hulle nasionaliteit, geslag, geloof of ras.
- Die getal kospakkies wat in 2017 aan studente uitgedeel is, het in 2017 met 40% toegeneem, vergeleke met 2016.
- 84,5% van die voedseltoelae vir 2017 is in die November/Desember-eksamentydperk toegeken, toe beursgelde reeds uitgeput was.
- Om die finansiële druk te kan hanteer, aanvaar studente deeltjydse werk, maar die werk meng in met hulle akademiese program en verhoog die risiko dat hulle uitval voordat hulle hul graad kon voltooi.

Wat word tans by die Universiteit Stellenbosch vir voedselonseker studente gedoen?

In die jaar van ons Eeufees-viering vind daar verskeie dinge oral op ons kampusse plaas om te verseker dat daar in ons studente se basiese behoeftes voorsien word. Institusionele inisiatiewe word gekoördineer tussen die onderskeie beurskantore en die maatskaplike werker by die Sentrum vir Studentevooriging en -ontwikkeling. Op fakulteitsvlak word projekte deur verskeie kanale gedryf, namate bewustheid oor voedselonsekerheid toeneem.

Institusionele inisiatiewe

- Noodfondsvoedseltoekennings via die Beurskantoor
- Voedselkoepons en -items (toiletware ingesluit) via die maatskaplike werker by die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling.
 - **Vouch4US-projek** – Die projek wat in 2013 bekend gestel is vra personeel en studente om 'n Pick n Pay-koeponkaart te skenk en studente te help om basiese noodsaaklikhede te bekom.
 - **Maties4Maties-voedselveldtogprojek** – Voedselveldtog wat die hulp van koshuise en private studenteorganisasies betrek en in 2012 geloods is. Studente in hierdie klusters samel niebederfbare voedselitems vir behoeftige studente op die kampus in.
 - **Voedselkoepons vir Inloopstudente** – Voedselkoepons vir studente wat op finansiële hulp of registrasie wag. Hoofsaaklik deur die Studenteraad befonds.
 - **Mandela-dag** – Personeel en studente word aangemoedig om niebederfbare voedselitems te skenk om die Voedselveldtog te steun.
 - **Voedselkoepons tydens die eksamentydsperk** – Ondersteun studente wat 'n ernstige behoefte aan voedsel tydens die eksamentydsperk ervaar wanneer beursfondse uitgeput raak.
 - **Werk-studie-program** – Voorsien studente van finansiële vergoeding vir werk wat in verband met Universiteitsprojekte in departemente en fakulteite uitgevoer is. Hulle verdien 'n inkomste op 'n waardige manier en kry waardevolle werksondervinding in die proses. Befondsing word deur die US en eksterne befonders voorsien.



Dienste wat reeds by die US voorsien word

Voedselonsekerstudente op die kampus kan die **Voorgraadse/Nagraadse Beurskantoor** kontak, of hulle kan die maatskaplike werker by die **Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling** om hulp nader. Die twee eenhede werk nou saam om te verseker dat hulle die mees effektiewe diens aan behoeftige studente lewer.

Al twee entiteite voldoen aan die KRITERIA VIR DIE TOEKENNING VAN NOODFONDSE, en studente wat aan dié kriteria voldoen, kan dienooreenkomstig hulp ontvang.

Die Voorgraadse/Nagraadse Beurskantoor

Studente stap in of e-pos die kantoor vir hulp. E-pos het 'n gewilde vorm van eerste kontak geword, omdat dit 'n sensitiewe kwessie is om oor te praat. Die beursbeampte in beheer van die noodfonds kry dan toegang tot die US-beursstelsel vir 'n profiel van die student. As daar geen profiel op die stelsel is nie, beteken dit die spesifieke student het nie voorheen om beursbefondsing aansoek gedoen nie, waarna die student vir assessering na die maatskaplike werker op die kampus verwys word. Bestaan daar wel 'n profiel op die stelsel, het die beampte 'n meer akkurate prentjie van die student en kan die inligting wat die student verstrek as hy/sy om hulp vra (situasie tuis, inkomstevlak, ens), nagegaan word.



Wie kwalifiseer vir hulp via die Beurskantoor se Noodfonds?

- Studente wat volgens die Universiteit se middeletoets behoefte is.
- Studente wat in die verlede om finansiële hulp aansoek gedoen het.

Watter tipe uitgawes word onder die Noodfonds gedek?

- Bywoning van 'n naaste gesinslid se begrafnis.
- Mediese noodgevallen by staatsfasiliteite.
- Eenmalige aankope van persoonlike items (toiletware) ten bedrae van R300 via Intellicard¹.
- Eenmalige aankope van kruidentersware ter waarde van R300.
- Vervoerkoste vir 'n maksimum van een maand.
- Aanskaffing van gehoortoestelle en brille.
- Akademiese uitstappies, wanneer nie die ouers of die departement die koste kan dek nie.
- Nasionale sport- of kulturgeleenthede, wanneer nie die ouers of die vereniging die koste kan dek nie.

Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling (maatskaplike werker)

Die maatskaplike werker by die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling wys voedselkoepons of -items toe aan die volgende studente nadat hulle geassesseer is:

- Finansiële behoeftige studente wie se beurse/NSFAS-/studieleninge nie maaltye dek nie, of diene wat nie 'n stipendium vir voedsel of 'n voedseltoelaag ontvang nie.
- Finansiële behoeftige studente wat nie vir finansiële hulp kwalifiseer nie, omdat hulle nie aan die akademiese kriteria vir hulp voldoen nie.
- Studente wat NSFAS-vervoertoelae ontvang, maar nie vir voedseltoelae kwalifiseer nie omdat hulle dagstudente is wat tuis by hulle ouers woon. Hulle ly honger omdat hulle huishoudings nie voldoende voedsel vir die hele maand kan voorsien nie.
- Studente wat die sogenaamde verlore middel genoem word. Die gesinsinkomste is tussen R360 000 en R600 000 per jaar.
- Senior studente wat hertoegelaat word tot die Universiteit, maar vanweë hulle swak akademiese prestasie nie enige universiteitsakkommodasie of -befondsing kon bekom nie. Sekere van hierdie studente moes hulle op die NSFAS beroep om vir die huidige akademiese jaar befonds te word.

¹ Geld word op 'n kaart gelaai wat die student kan gebruik om items by 'n gekontrakteerde diensverskaffer te koop.

- Aan die einde van Oktober staan ons studente wat nie verdere voedseltoelae vir die res van die akademiese jaar ontvang nie, met voedselkoepons en/of voedselitems by omdat hulle nog in November en in die eerste week van Desember eksamen skryf.

Bykomende behoeftes

Toiletwarepakkies met basiese produkte soos tandepasta, toilet papier, seep, sjampoe, deodorant en sanitêre doekies/tampons is ook 'n belangrike behoefte onder studente. Die maatskaplike werker deel hierdie pakkies uit wanneer daar voorraad is, maar kan dit nie gereeld doen nie vanweë tekorte.



Hoe word skenkings geadministreer?

- **Finansiële skenkings** – Fondse wat deur hierdie inisiatief ingesamel word, word geadministreer deur 'n toegewyde kostesentrum waartoe slegs die Voor- en Nagraadse Beurskantoor en die maatskaplike werker by die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling toegang het. Die nodige noulettendheidsprosesse word gevolg soos deur die US se Finansiële Beleid en die US-noodfondskriteria bepaal.
- **Goedereskenkings (kruideniers- en toiletware)** – Alle goedereskenkings word aangeteken en aan die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling uitgedeel, waar kruideniers- en toiletwarepakkies opgemaak word vir verspreiding aan studente. Kruideniersware moet verkieslik 'n lang raklewe hê.

Wil jy betrokke raak? Besoek <https://www.givengain.com/cc/su100/>, kontak gerus tel: 021 808 4020 of e-pos: ontwikkeling@sun.ac.za.

Move4Food Betalingsbesonderhede:

<http://www.sun.ac.za/english/donors/Documents/Move4FoodPaymentDetails.pdf>